

Hoofstuk 4.3

“STORM EN DRANG”-POLITIEK, 40-erjare



“Die eenheidsdrang by die volk het merkbaar geword reeds voor samesmelting. Dit het onweerstaanbaar tot openbaring gekom gedurende die Ossewatrek en die Eeufeesviering in 1938. Dit het wellig sy hoogtepunt bereik by Monumentkoppie, September 1939. Wat het daarna gebeur? Die leiers, toe hulle mekaar in Pretoria ontmoet het, kon mekaar nie vind nie. Die leiers kan mekaar vandag nog nie vind nie.”

- prof JC van Rooy aan dr DF Malan, Mei 1942

“Die aktiewe deelname van verskeie Potchefstroomse akademici aan die OB en aan die vorming van sy ideologie het die lewensbeskoulike rigting wat hierdie universiteit verteenwoordig het, nie ten goede gekom nie ... Hoewel Calvinistiese denkers gehelp het om ekstreem Fascistiese beskouings teen te gaan en hulle ‘n matigende rol gespeel het, het hulle hul te veel laat meesleur deur die heersende tydsgees en die Calvinistiese denke te sterk omgebuig om daarby aan te pas eerder as om ‘n sterk kritiese invloed te laat geld.”

- P de Klerk, “Die ideologie van die Ossewa-Brandwag”, p 323

4.3.1 Onrus oor politieke woelinge


Op die laaste raadsvergadering van 1939, gehou op 22 November op 'n tydstop toe daar intense woelinge aan die gang was om die eertydse Afrikaner-opponente in een kamp saam te snoer, meld raadslid HC Baxter dat dit onder sy aandag gekom het dat, strydig met 'n raadsbesluit, personeel en studente aan politieke vergaderings deelgeneem het.

Die betrokke besluit van die Raad van die PUK, waarna Baxter verwys het, was dié wat in 1938 geneem is en waarteen destyds van senaatsweë ernstig protes aangeteken was, en het ingehou "dat dosente onder omstandighede hulle liever heeltemal moet onthou van aktiewe deelneming aan party-politiek". (kyk afdeling 4.1.4).

'n Voorstel van raadslede JV Coetzee en NH van der Walt, beide predikante, dat tugmaatreëls teen die betrokkenes geneem word, is met 'n meerderheid van stemme verwerp. Na "ernstige bespreking" is dit aan die rektor opgedra "om nogeens die besluit van die Raad aangaande deelname van staflede aan die politiek, onder die aandag van die staf en studente te bring".¹ Inderdaad sou die destydse nogal drastiese raadsbesluit oor deelname aan die politiek in die komende jare 'n dooie letter blyk te wees.

Wie sou dan nou die sondebokke gewees het wat vir raadslid Baxter, die plaaslike magistraat, so ontstig het? In die notules word geen name van betrokkenes genoem nie en moet dan maar afleidings gemaak word uit die openbare optredes van personeel van die inrigting.

Die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog vroeg in September 1939 en die emosiebelaaide parlementêre besluit om aan die kant van Brittanje tot die aktiewe stryd toe te tree, het ook die Afrikanergeoriënteerde



4.3.1

Raadslede ds JV Coetzee (regs) en ds NH van der Walt wou summier tugstappe neem teen diegene wat aktief aan die politiek deelneem.

PUK-gemeenskap diep geraak. Vir 'n kort rukkie is daar gedeel in die ongeëwenaarde eenheidsgevoel wat hom op 9 September 1939 rondom Monumentkoppie buite Pretoria gemanifesteer het, en wat sy hoogtepunt bereik het in die plegtige aflegging van die Totius-geïnspireerde gelofte dat hulle as Afrikaners mekaar se hande vat op die pad van Suid-Afrika "om dit nooit weer los te laat nie".

Maar die diepgaande twis en verdeeldheid sedert koalisie en samesmelting tussen "smelters" en "gesuiwerdes", 'n skrale ses, sewe jaar tevore, het nie soos mis voor die son verdwyn nie. Die vroeë veertigerjare sou inderdaad gekenmerk word deur byna onbeheersde twis en tweedrag in Afrikanergeledere. Ook in PUK-geledere sou daar standpunte ingeneem word en het etlike persone 'n baie aktiewe rol gespeel in die politieke verwikkelinge van die tyd.

"Die eenheidsdrang by die volk het merkbaar geword reeds voor Samesmelting. Dit het onweersstaanbaar tot openbaring gekom gedurende die Ossewatrek en die Eeufeesviering in 1938. Dit het welig sy hoogtepunt bereik by Monumentkoppie, September 1939. Wat het daarna gebeur? Die leiers, toe hulle mekaar in Pretoria ontmoet het, kon mekaar nie vind nie. Die leiers kan mekaar vandag nog nie vind nie."²

Die uitspraak hierbo, gemaak teenoor dr DF Malan, is uit die mond van die man in die middel, dáár by Monumentkoppie – die man na wie daar toe verwys is as "man van die volk": professor JC (Joon) van Rooy. Grootbaas van die Afrikaner Broederbond, die man van "kenmerkende onpartydigheid",³ die man vir versoening ...

Sou hy en sy kollegas die begeerde eenheid kon help bewerkstellig?

Een ding is seker: die opmerking van raadslid Baxter was beslis nie gemik teen prof JC van Rooy, die sekretaris van die Raad, wat op 9 September tydens die groot Afrikaner samekoms by Monumentkoppie buite Pretoria die sentrale figuur was en deur 'n koerant as "man van die volk" bestempel is nie (kyk afdeling 4.1). Pas na afloop van die vergadering waarop Baxter sy kommer geuiter het, is die Raad en Senaat se "hoogste waardering en lof" per brief deur die rektor aan Van Rooy oorgedra vir sy "veelvuldige aktiwiteite in belang van ons land en volk, van ons Kerk en P.U.K. vir C.H.O., wat met baie opoffering gepaard gaan". Van Rooy was op daardie stadium ongesteld en moes verlof neem. Of was daar dalk 'n verskuilde boodskap in die opmerking dat daar begrip is "dat die sterkste gestel onder al sulke bedrywighede eindelik die menner [sic!] 'n halte moet toeroep'"?⁴



Daardie byna hiperaktiewe akademikus-cum-politikus, prof LJ du Plessis, het in Junie 1939 saam met dr HF Verwoerd, redakteur van *Die Transvaler*, op Potchefstroom opgetree. In die gees van die tyd, en met dreigende oorlogswolke in die lug, het die Nasionaliste by hierdie geleentheid 'n mosie van neutraliteit aanvaar.⁵ Die vete tussen die "smelters" en die "gesuiwerdes" was op hierdie stadium so heftig en bitsig dat dit dalk Du Plessis se optrede was wat Baxter aanstoot gegee het.

Ander waarneembare politieke roeringe in personeelgeledere in hierdie tyd wentel rondom die persoon van dosent GYssel, wat vanaf 1937 as assistent in Aardrykskunde aan die PUK verbonde was en in 1939 tot lektor bevorder is.⁶ Yssel was naamlik voorsitter van die Nasionale Party se Potchefstroomse tak en ook voorsitter van 'n sogenaamde Waaksaamheidskomitee wat kort na oorlogsverklaring en in die onrustige tye op die dorp gestig is deur volgelinge van sowel Malan as Hertzog.⁷ Toe Yssel in Oktober 1939 openlike steun aan en simpatie met Hertzog betoon in 'n brief aan *Die Vaderland* (24.10.1939), het hy hom die misnoë van Transvaalse medeleier van die Nasionale Party, JG Strijdom, op die hals gehaal.⁸

Tog het Strijdom op 2 Desember 1939 tydens 'n saamtrek van Yssel se beweging op Potchefstroom opgetree, saam met onder meer ds ML Fick en prof LJ du Plessis. Yssel en ds Fick het namens die plaaslike Waaksaamheidskomitee 'n ultimatum gestel dat 'n nuwe politieke party, gegrond op Voortrekkerbeginsels, gestig sou word indien hereniging nie spoedig verkry sou word nie.⁹

Dit is wel moontlik dat raadslid Baxter se verwysing na politieke bedrywighede van personeel en studente, wat hy op die Raad se November-vergadering gemaak het, op veral Yssel se bedrywighede geslaan het. Dit val net mooi in die tyd toe Yssel politiek aktief begin raak het.

Tydens 'n goed bygewoonde vergadering in Pretoria in Maart 1940 het Yssel, terwyl hy nog dosent aan die PUK was, die Handhawersbond gestig, 'n semi-militêre beweging wat hom aggressief vir die handhawing van die Afrikaner se belange sou beywer maar wat sy beslag half en half binne die voë van die HNP gekry het. Die redakteur van *Die Transvaler*, dr HF Verwoerd, het reeds in Maart 1940 gewaarsku teen die militante aard van die beweging, onder meer omdat dit "die Nazi-klag teen ons help versterk". Yssel het egter die leiers van die Herenigde Nasionale Party (HNP) geantagoniseer deur op eie stoom 'n konferensie van simpatieke parlamentslede om en naby die Witwatersrand te probeer reël.¹⁰

Al het Yssel grootliks die simpatie gehad van die ander medeleier van die HNP in Transvaal, genl. Kemp, het

Strijdom weer eksepsie geneem teen Yssel se optrede en sou hy Yssel voortaan sterk teenstaan, as synde 'n saaiër van twis en tweedrag.¹¹ Yssel was diep beswaard oor Strijdom se houding en in 'n brief waarin hy sy optrede verduidelik en regverdig het, het hy Strijdom daaraan herinner dat hy saam met hom vir meer as ses jaar in die politieke woestyn was, saam met hom gelyk het vir die Nasionale Party en groot persoonlike offers moes bring vir sy politieke oortuigings.

Maar Strijdom was onbeweeglik en onsimpatiek, en meer as ooit tevore oortuig dat Yssel se optrede as leier van die Handhawersbond net wrywing en onenigheid in partygeledere veroorsaak "en dat hoe eerder hierdie Bond wat met die oog op al die omstandighede geen reg van bestaan het nie, ophou om te bestaan hoe beter."¹²

In April 1940 het prof DJ van Rooy vir Yssel namens die Senaatsbestuur oor sy politieke aktiwiteite aangespreek. Die sand in sy uurglas aan die PUK was egter aan die uitloop. Weens gedragsprobleme het hy kort hierna met die Senaat en Raad in konfrontasie gekom en is sy dienstermyn aan die einde van die eerste semester 1940 beëindig.¹³ Hy het hom hierna te Pretoria gevestig, waar hy desperate maar tevergeefse pogings aangewend het om sy beweging aan die gang te hou. In Augustus 1940 het Yssel se Handhawersbond sy eerste – en ook sy laaste – konferensie gehou. Enkele dae hierna is 'n klopjag op die kantoor van die beweging uitgevoer. In Februarie 1941 is berig dat die beweging ontbind het. Yssel is as hooforganiseerder van die Nuwe Orde-beweging van Oswald Pirow (ook 'n oud-PUK) aangestel en van die ander lede het by die Ossewa-Brandwag (OB) aangesluit.¹⁴

4.3.2 PUK-dosente in politieke binnegevegte

Dit is meer as waarskynlik dat raadslid Baxter se opmerking bedoel was op prof LJ du Plessis, waaroor reeds bo (in 4.1.4) gehandel is.

LJ du Plessis, wat reeds in die vorige dekade 'n hoë politieke profiel gehandhaaf het, sou hom ook in die dekade veertig in die brandpunt van die politieke binnegevegte in Afrikanergeledere bevind, en wel grootliks uit hoofde van sy prominente posisie binne die Afrikaner Broederbond (AB). Briefwisseling met dr DF Malan, leier van die Herenigde Nasionale Party (HNP), illustreer die rol wat Du Plessis gespeel of probeer speel het in die pogings om versoening in Afrikanergeledere te bewerkstellig.

In Augustus 1940, byvoorbeeld, "praat ek in die gees van ons hele groep hier, so ver aan my bekend, en in elk geval in raadpleging met prof J.C. van Rooy", na aanleiding van 'n gesprek wat dr Verwoerd en prof van Rooy met genl Hertzog gehad het. Hy pleit, in 'n brief



4.3.2

Prof LJ du Plessis as voorsitter van die Eenheidskomitee.

Ander lede was dr Hans van Rensburg, dr DF Malan, mnr I Lombard, dr N Diedericks en dr Piet Meyer.

wat ses bladsye beslaan, dat Hertzog nie weggestoot moet word nie en herinner Malan daaraan dat "die professore-groep" – bedoelende die AC Cilliers-beweging – seker ook bereid sal wees om bemiddelend op te tree.¹⁵

Du Plessis, wat aan die begin van die dertigerjare vir twee jaartermyne as voorsitter van hierdie elite beweging in Afrikanergeledere opgetree het, is in 1940 aangewys as voorsitter van die AB se spesiale Kommissie vir Algemene Beleid, wat 'n grondwet vir 'n toekomstige republiek moes opstel en Afrikanerorganisasies se kragte moes koördineer en konsolideer. Na buite het dit bekend gestaan as die Voorlopige Afrikanereenheidskomitee, en later bloot net die Afrikanereenheidskomitee (AEK).¹⁶

Die energieke Potchefstromer het die leeu-aandeel gehad in die opstel van die republikeinse grondwet, wat vir private gebruik binne die onderskeie organisasies bedoel was maar deur die OB "gekaap" en in 'n omstrede omsendbrief 1/41 openbaar gemaak is. Dit het die latente spanning tussen die HNP en die OB tot breekpunt gevoer en die gevolglike mislukking van die AEK in September 1941 tot gevolg gehad.¹⁷

Pas tevore het Du Plessis by dr Malan gepleit om 'n minder enge partystandpunt in te neem en samewerking te aanvaar. Hy gee ook advies oor hoe om Van Rensburg se "parmantigheid" te hanteer: leer hom, soos hy (Malan) vir hom (Du Plessis) geleer het, "en wel... vaderlik... en nie skoolmeesteragtig nie".¹⁸ Malan het seker nie van hierdie bedekte teregwyding gehou nie!

Net die volgende dag volg nog 'n brief, oor sy voorneme om as voorsitter van die AEK uit te tree as die situasie nie verander nie. Hy sal dan prof JC van Rooy in sy plek voorstel, "veral omdat hy waarskynlik

meer algemeen vertrou word en ook omdat hy by die groot publiek meer gewig dra en eindelijk omdat hy 'n meer versoenende figuur is".¹⁹

Op 15 September 1941 doen Du Plessis "nogmaals en miskien vir laas 'n dringende persoonlike beroep op u om nie 'n party-dominasie op 'n volksbeweging te probeer afdwing nie ... Gee ons tog die geleentheid om saam te groei, en probeer tog in Godsdnaam nie om in ongeduld 'n eenheid te forseer nie. Gee ons tog geleentheid, soos ek u reeds amptelik gevra het, om die saak met mekaar uit te gesels." En hy probeer ook 'n ander beskuldiging besweer: "Ons beoog nie 'n nasionaal-sosialistiese stelsel nie – intendeel, party-diktatuur is nasionaal-sosialisme. Ons beoog inderdaad 'n Chr.-Nasionale vereniging van alle volkskragte, elk volgens sy aard en bestemmingsfunksie."²⁰

Du Plessis het hierna sy laaste kaart in die "Eenheidskomitee"-spel gespeel deur 'n sterkbewoorde verduidelikende verklaring oor dié komitee en sy eie rol en standpunte te gee, met 'n voorspelling daarby: "MALAN-PARTY SAL DEGENEREER TOT TIRANNIE EN O.B. TOT TERRORISTE-BENDE". (insetsel p517)

Vir Du Plessis was die mislukking van die AEK (en dus die AB) se pogings om Afrikanereenheid te bewerkstellig, 'n groot teleurstelling en het hy dit as 'n persoonlike refleksie op homself beskou.²¹

Hierna het Du Plessis sake probeer red deur 'n voorstel vir 'n volkskongres te Bloemfontein en 'n gepaardgaande volksvergadering aan die voet van die Vrouemonument. Maar ook hierdie goedbedoelde poging, gekenmerk deur "sowel idealisme as wanhopigheid",²² het weens wedersydse wantroue tussen leiersfigure ook in die sand geloop.



'MALAN-PARTY SAL DEGENEREEER TOT TIRANNIE EN O.B. TOT TERRORISTE-BENDE'

PROF. L. J. DU PLESSIS WAARSKU ALBEI ORGANISASIES

BEKENDE POTCHEFSTROOMSE NASIONALIS SE VERKLARING NAMENS EENHEIDS-KOMITEE

Die verklaring wat prof. L. J. du Plessis (van Potchefstroom) onlangs belooft het om uit te reik namens die "Eenheidskomitee" en waarop hy die lede van die Herenigde Party versoek het om te wag voordat hulle dr. Malan se raad volg om uit die Ossewa-Brandwag te bedank, is nou deur die professor gepubliseer.

Die verklaring lui dat dr. Malan die veldtog teen die Ossewa-Brandwag begin het en dat die primêre oorsaak van die skeuring is omdat die Party die Ossewa-Brandwag domineer.

Die volgende is die belangrikste punte uit die verklaring:

1. Die Malan-party het houvas op die "volk" verloor en die mens het meer en meer hul vertroue in die Ossewa-Brandwag gestel.

lede baie geïnspireer het.

Met hierdie agtergrond van sake wou die Malan-party sy posisie versterk deur 'n reorganisasie-skeema op die lyne van die Ossewa-Brandwag organisasie.

OSSEWA NOG TE "JONK."

Op hierdie stadium het die "Eenheidskomitee" tussenbei getree en gehandel op die stelling dat albei die organisasies nodig is, maar dat die Party nie algemene leierskap kon gee nie en dat die Ossewa-Brandwag nog te jonk was om met die volle leierskap toevertrou te word.

Hier sê die verklaring dat die Party alle ander organisasies wou beheer en dit was verkeerd, want politiek kan nie meer beskou word as slegs die terrein van die Her-

Calvinistiese inslag 'n diepgaande invloed uitgeoefen en die OB daarvan weerhou het om openlik nasionaal-sosialisties te word: "Die Potchefstroomse Calvinisme is nie Nasionaal-sosialisties nie, maar is oor die geheel ook nie geneig om sy politieke toekoms aan die Party toe te vertrou nie. As ek hier byvoeg dat dit die houding van die hele nuwe Afrikanerdom is, dan wil ek u graag daaraan herinner dat Potchefstroom in hierdie soort sake nog nooit verkeerd was nie, hoewel hy gewoonlik miskien enigsins voorbarig is."

Wat wil hulle dan? Du Plessis borduur voort: "Ons kan ons alleen neerlê by 'n Calvinistiese of Chr. Republikeinse volksbeweging waarvan die party maar net een van die aspekte sal wees, en die aard waarvan u kan leer ken o.a. uit die geskrifte van Dr de Wet, my 'Die Moderne Staat' en Stoker se pas verskene belangrike werk "Die Stryd om die Ordes", wat 'n Calvinistiese behandeling lewer van die liberalisme, die kommunisme, die nasionaal-sosialisme, die fascisme en die Calvinisme."²⁵ Wat die volksbeweging betref, moet elke liggaam sy selfstandigheid in eie kring behou en is dit "definitief geen nasionaal-sosialisme nie, maar moderne nasionale Calvinisme." En hy onderstreep die volgende sin: **"Ek en ander van ons is beslis nie volgelingen van van Rensburg nie."**²⁶

Reeds in 'n vroeëre brief het Du Plessis uitdruklik gesê dat hy nie as "O.B.-advokaat" beskou moet word nie, al het Van Rensburg sy naam by Amajuba gebruik. Tot nog toe het hy geen verband met die OB-leiding nie, maar sy optrede in die toekoms sal deur Strijdom se houding medebepaal word.²⁷

4.3.3

LJ du Plessis praat hard met die Nasionale Party en die OB ... dit was tevergeefs (Westelike Stem).

Nou ontdaan van die amptelike AEK-mantel van vredesengel, het LJ du Plessis in 1942 voortgegaan met sy pogings om Afrikanereenheid te probeer bewerkstellig. In die proses het hy hom "in al groter mate voorgedoen as woordvoerder van die Potchefstroomse gedagterigting" en hom dusdoende al hoe meer die misnoë en gramskap van 'n man soos Strijdom op die hals gehaal. Van oudsher af het Strijdom nie veel erg aan die Potchefstromers gehad nie.²³

'n Verbete woordstryd het in die loop van 1942 vanaf openbare verhoë, in die pers en by wyse van persoonlike korrespondensie tussen Du Plessis en Strijdom gewoed. Ook ander akademici van die PUK is hierby betrek. In korrespondensie met Du Plessis in Maart 1942 het Strijdom sy kommer uitgespreek oor wat hy beskou het as die nasionaal-sosialistiese tendens wat Potchefstromers in die Calvinistiese leerstellings ingeskrif het, met die daaruit voortvloeiende impak wat dit op verskillende organisasies gehad het.²⁴

Du Plessis het heftig teen hierdie beskuldiging gereageer en voorgedoen dat Potchefstroom met sy



4.3.4

Proff LJ du Plessis (links, middelry) en AJH vd Walt (heel regs, middelry) was lede van de Grootraad van die Ossewa-Brandwag (1943). Derde van links (middelry) sit kommandant-generaal JJ (Hans) van Rensburg, links agter staan dr Piet Meyer.

Du Plessis se toegeneentheid jeens die OB, wat sterk deurgekom het in sy gepubliseerde verslag van die aktiwiteite van die AEK, het hom al meer die wantroue van die HNP-leiers op die hals gehaal, wat op sy beurt hom finaal in die arms van die OB gedryf het.²⁸ Binne die OB het Du Plessis dadelik opgetree as hoof van die afdeling vir beleid en ook sitting geneem in die Grootraad, die hoogste beleidmakende liggaam.²⁹ Hy was ook in beheer van die studielers, ten einde die intellektuele grondslag van die OB te verdiep en breër bekend te stel.³⁰

Die ontleding wat nog 'n PUK-professor, FJ Labuschagne, in hierdie tyd gemaak het van die Afrikanerpolitiek en sy toekenning van 'n uiters karige persentasie volgelinge aan die HNP, het nie in Strijdom se smaak geval nie; so ook nie 'n uitspraak wat die sinode van die Gereformeerde Kerk in hierdie tyd oor Afrikanereenheid gemaak het. Albei hierdie sake is in korrespondensie met prof du Plessis opgehaal.³¹

Wat prof Labuschagne se uitlatings betref, laat weet Du Plessis vir Strijdom dat hulle op Potchefstroom oor die algemeen nie eens is met hom nie; hy was nooit juis 'n party-ondersteuner nie en "glo al van jare heen aan 'n volksbeweging van die aard van die O.B."

Hoewel hy nie self teenwoordig was nie, het Du Plessis tot verdediging van die Gereformeerde Kerk gekom: hy is nie bewus dat die kerkverband gebruik is vir enige propaganda ten gunste van die Ossewa-Brandwag nie. Daar is wel hier en daar onderlinge informele besprekings, ter gedagtewisseling. "En op een daarvan, nou by die Sinode, is die gedagte van 'n eenheidsbeweging eenparig goedgekeur deur ± 200



4.3.5

Prof FJ Labuschagne ... vryf Strijdom verkeerd op.

mense ook uit die algemene publiek en wel op inisiatief van 'n party-voorzitter."³²

In Julie 1942 tree drie PUK-dosente op as sprekers tydens die kongres van die Afrikaanse Nasionale Studentebond (ANS), naamlik proff AJH van der Walt en LJ du Plessis en mnr J Postma, seun van die rektor en dosent in die Klassieke. Hulle referate wentel rondom die tema "Volksbeweging". Nieu betrokkenheid van OB-leier dr Hans van Rensburg by die jeugbeweging (hy was hulle erepresident) sou ook die ANS tot 'n speelbal in die onverkwiklike stryd in Afrikanergeleedere verhef.³³

Ook prof Dirk van Rooy het in hierdie tyd op sy bedaarde manier swaarde gekruis met die vurige "Leeu van die Noorde" en die beskuldiging van 'n nasionaal-sosialis te wees, verwerp. Hy skryf só aan Strijdom: "Wat 'n toestand, nè? U en ek, albei oortuigde Republikeine, albei deur-en-deur Calvinisties met dieselfde ideaal. Tog stel u my vandag as vyand voor en word mense soos ek deur ons Nasionale Pers op alle moontlike maniere verguis en beswadder. Dis tog maar sulke manne soos L.J. du Plessis, AJH v.d. Walt e.a. wat van toeka se dae af Republikeins in murg en been was en dit vandag nog is. Het u enige rede om vandag aan hulle bona fides in h/d verband te twyfel? Laat my u verseker dat, by 'n eventuele Duitse oorwinning baie die Duitsers om die hals sal val, maar sekerlik nie h/d gebore en getoë Calviniste nie. Slinger dus asseblief geen aantuigings van Nasionaal-sosialisme herwaarts nie."³⁴

Die vurige Nasionale voorbanker Eric Louw, wat in die openbaar maar ook agter die skerms 'n groot rol gespeel het in die HNP se stryd teen die OB, het – soos sy vriend en politieke geesgenoot JG Strijdom – ook nie baie erg gehad aan die rol van die Potchefstroomse akademië nie.

Reeds in Oktober 1941, nadat dr Malan partylede aangeraai het om uit die OB te bedank en LJ du Plessis probeer wal gooi het deur aan te raai dat eers op die verslag van sy eenheidskomitee gewag moes word, het Louw vir Du Plessis aangevat en 'n striemende aanval gedoen oor "die onbehoorlikheid (om dit sag uit te druk) van 'n universiteitsprofessor om hom in te meng met die sake van die party en daarby nog party-lede aan te spoor tot dislojaliteit teenoor hulle leier."³⁵

Ten die einde van 1942 was Louw heel in sy skik met die vordering in die stryd teen die OB, wat ook nie eens deur die "breintrust" van professore en geleerdes met "die arme prof LJ du Plessis" aan die spits gered of gehelp kon word nie. 'n Rukkie vantevore het Louw verwys na "die sg. intelligentia of slim mense wat uit die hoogte die Party en sy leiers wil kritiseer, en wat groot woorde en onbeduidende uitdrukkings gebruik... Die



4.3.6

*Eric Louw – Trek
saam met JG Strijdom
kwaai te velde teen
Potchefstroomse
akademici se rol in
politiek*

Afrikaner volg manne wat eenvoudig en reguit praat – en terselfdertyd 'n reguit koers hou – soos dr D.F. Malan.”³⁶

In Februarie 1943 het Du Plessis weer, hierdie keer op inisiatief van die bekende Vrystaatse Nasionalis mnr Kaalkop van der Merwe, gepoog om 'n samekoms van drs Malan en Van Rensburg te bewerkstellig, ten einde samewerking te probeer verkry. Omdat die PUK se klasse reeds begin het en sy kollega, prof Stoker, geïnterneer was, kon Du Plessis dr Malan nie persoonlik in die Kaap gaan spreek nie en het hy dit per korrespondensie probeer reël. Maar ook hierdie poging was onsuksesvol.³⁷

4.3.3 Totius en JC van Rooy: versoeningsfigure

Die geskarrel en geploeter met die pogings tot Afrikanereenwording het volksman Totius (prof JD du Toit), wat in September 1939 teen sy sin omgepraat is om die plegtige gelofte aan die opgewonde Afrikanermassa te Monumentkoppie voor te hou, met ernstige gewetenswroeging vervul. Toe hy dit nie meer kon hou nie, het hy in 'n emosionele persverklaring op 14 September 1941 hom met leedwese van die gelofte losgemaak.³⁸

Dit het ook maar fyn voetwerk van die Potchefstroomse professore gekos om nie in die maalstroom van die politieke twiste in Afrikanergeleedere opgesuig te word nie, soos gebeur toe daar laat in 1941 van Totius se kant, hierdie keer geheel van agter die skerms 'n bloot voorlopige, skematiese voorstel ter sprake was om eenheid in Afrikanergeleedere te verkry.

Hy, prof JC van Rooy en “drie vriende” (AB's) bespreek die voorstel op 10 Oktober 1941 met dr van Rensburg, wat enkele dae later in die Paarl daarna verwys maar

die inhoud nie suiwer weergee nie. Kort hierna daag die drie vriende te Potchefstroom op, met 'n konsepverklaring in die hand waarvolgens Du Toit moontlike misverstand uit die weg sou kon ruim. Met Van Rooy se steun het Du Toit nie geneë gevoel om die verklaring te onderteken nie en daar is gevoel om liever vir Van Rensburg te versoek om nie weer daarna te verwys nie.³⁹ Einde April 1942 kritiseer dr Malan vir prof JC van Rooy tydens 'n openbare vergadering en verwys hy onder meer na hierdie konsepverklaring as “die skriftelik, maar ongepubliseerde, verklaring ... onderteken onder ander deur Totius en homself”. Die gort was gaar, maar agter die skerms.

Totius het dr Malan dadelik daarvoor aangetree, en ten sterkste ontken dat hy so 'n dokument onderteken het en 'n openbare verskoning geëis. 'n Kort maar intense briefwisseling het hierna tussen Du Toit en Malan oor die kwessie ontstaan, en by tye het harde woorde geval. Malan het aanvanklik ietwat weggeskram en toe die saak tydens 'n vergadering reggestel, maar sonder dat dit in die pers gerapporteer is. Du Toit het egter volgehoue druk uitgeoefen, totdat Malan aan die vereiste openbare regstelling voldoen het.⁴⁰

In die loop van die korrespondensie het Totius ook onthul dat die sogenaamde Totius-voorstel nie van hom afkomstig was nie – maar sonder om te sê van wie af wel. Hy het ook niemand gemagtig om dit spesiaal aan sy naam te verbind nie.⁴¹

In Maart 1942 het Du Toit wel op 'n saamtrek van “Republikeinse Afrikaners” in Johannesburg met 'n “AB-geïnspireerde vredesinisiatief” na vore gekom, deur te pleit vir 'n “Vredesbond”. Daar is by die geleentheid voorgestel dat die AEK omskep moes word in 'n “Volkseenheidsbeweging”.⁴² Op hierdie tydstip was die Nasionaalgesinde Afrikanerdom verdeel in nie minder nie as vier politieke organisasies, naamlik die HNP, die OB, advokaat Oswald Pirow se Nuwe Orde en die Afrikanerparty, wat die eertydse Hertzog-volgelingen geakkommodeer het. Elk van hierdie vier groepe het geglo dat dit die suiwerste aspirasies van die Afrikaner vertolk.⁴³

Prof JC van Rooy het homself teenoor dr Malan van kantkiesery en moontlike assosiasie met die OB verontskuldig met die versekering dat hy na die beste van sy vermoë 'n onpartydige houding probeer handhaaf: “Besware teen die O.B.-leiding en -beleid spreek ek net so openhartig en pertinent uit teenoor O.B.-leiers met wie ek in aanraking kom, as wat ek besware teen die Party-leiding uitspreek.”

Van Rooy se houding en optrede het skynbaar ingedruis teen Malan en die party se verwagtinge dat die AB en sy Uitvoerende Raad die party onvoorwaardelik sou steun, of “meer manmoedig en openlik” standpunt



teenoor Van Rensburg inneem – dit sou die AB forseer om kant te kies. En hiervoor het Van Rooy nie kans gesien nie: “Teen enige poging om die A.B. party te laat kies vir een of ander politieke party, vir die O.B. of wat ook al, sal ek my persoonlik verset. Dit sou inhou die ondergang van die A.B.”⁴⁴

Die entoesiastiese steun wat die FAK en die Reddingsdaadbond (RDB) gekry het, was vir Van Rooy ‘n verblydende teken en hy het steeds geglo dat daar ‘n sterk drang tot eenheid by die volk was. Reeds in April 1942 het hy ‘n groot volksvergadering in die vooruitsig gestel. Syns insiens het die probleem by die leiers gelê: “As die stories wat van mekaar vertel word, waar is, het ons vandag nie volksleiers nie, maar ‘n klomp skelms ...”

Malan het Van Rooy egter die rug toegedraai en hom in die pers met sekere vrae gekonfronteer. In ‘n persoonlike skrywe het Van Rooy weer aan Malan voorgehou dat die skuld vir die mislukte eenheidspogings beslis nie by Van Rensburg en die OB alleen berus nie.⁴⁵

Op 25 Maart 1942 is ‘n byeenkoms in Kroonstad gehou wat, volgens Roberts en Trollip, toegesprek is deur “that influential Afrikaner, Professor J.C. van Rooy of Potchefstroom, in a speech which combined Olympian partiality with Christian charity in a very notable degree”. Saam met Van Rooy op die verhoog was prof L.J. du Plessis, wat pas tevore ‘n nuwe eenheidsbeweging gebaseer op Christelik-nasionale beginsels voorgestel het, en mnr J.G. (Kaalkop) van der Merwe, ‘n gesiene figuur in die pogings tot versoening. As uitvloeisel hiervan het ‘n Volkseenheidsbeweging tot stand gekom en is beoog om verskeie volksvergaderings te hou.⁴⁶ Malan en die HNP het heftig kaspie gemaak en prof Van Rooy met ‘n paar vrae in ‘n openbare debat probeer betrek, onder meer oor die sogenaamde “Totius”-verklaring.

Van Rooy het per brief skerp teenoor Malan gereageer. Maar eers het hy in ‘n persverklaring sy standpunt oor betrokkenheid duidelik uitgespel: “Vanaf die aanvang van die huidige broederstryd, het ek beslis geweier om enige part of deel te hê daaraan, en ek weier dit vandag nog. Terdeë egter het ek vanaf my eerste optrede in Heilbron besef dat ek myself bloot stel aan bedenkinge, besware en beskuldiging. Ten einde nie aan die een of die ander kant in die stryd betrek te word nie, het ek besluit (en ek het dit reeds op Heilbron uitdruklik verklaar) dat ek nie in die openbaar sal antwoord op enige vrae wat aan my gestel word nie, dat ek ook nie in die openbaar sal antwoord op enige beswaar of beskuldiging nie.” Hy was egter wel bereid om in persoonlike gesprekke of met korrespondensie te reageer.⁴⁷

Hy doen ook so en skryf op 7 Mei aan dr Malan, stel die feite omtrent die nie-getekende verduidelikende verklaring en vra opklaring, veral in belang van Totius. Verdere inligting omtrent die omstrede konsepverklaring word gegee, waaruit blyk dat dr Verwoerd en dr HB Stegmann skynbaar twee van die drie “vriende” was. Van Rooy het Malan egter verkwalik oor sy manier van doen en optrede, in die onderhawige geval maar ook andersins, terwyl hy sy eie optredes – wat ineens ook die van die AB was – in belang van die verkryging van eenheid uitvoerig gemotiveer en verdedig het. Hy sien die toekoms van die Afrikanerdom as “baie, baie donker”, tensy die onderlinge stryd waarvoor veral die leiers verantwoordelik is, gestaak word.⁴⁸

In hul reeds aangehaalde baanbrekerstudie oor eietydse politieke gebeure, *The South African Opposition, 1939-1945*, wys Roberts en Trollip op die destydse populêre opvatting dat sogenaamde eenheidsbewegings bloot vir politieke gewin gepropageer is. Sulke motiewe kan egter nie aan persone soos Van Rooy en Du Plessis toegedig word nie, persone wat werklik angstig was om Afrikanereenheid op sigself te verkry; vir hulleself was daar geen opsigtelike voordeel uit te trek nie.⁴⁹

In Augustus 1942 word Van Rooy, juis vanweë sy “kenmerkende onpartydigheid”,⁵⁰ versoek om as voorsitter op te tree tydens ‘n beplande openbare debat tussen dr Malan en dr van Rensburg op Ventersdorp. Die debat het egter nie gerealiseer nie omdat Malan weens mediese behandeling moes onttrek en sy plek deur Strijdom ingeneem sou word. Van Rensburg was, volgens ‘n persoonlike verklaring van Van Rooy in die pers⁵¹ nie bereid om die verhoog met Strijdom te deel nie.⁵²

Tydens die 1943-verkiesing het prof van Rooy weer pogings aangewend om die HNP en die OB te laat saamwerk, maar dr Malan het nie sy weg daartoe oop gesien nie omdat sodanige samewerking aan die OB erkenning op politieke gebied sou verleen.⁵³

4.3.4 HG Stoker en DJ van Rooy

Met verwysing na die Bybelwoord “My volk gaan ten gronde weens gebrek aan kennis”, het die PUK se skrandere wysgeer, prof HG Stoker sy werk *Die Stryd om die ordes* in 1941 die wêreld ingestuur. Hierdie “boekie”, soos hy verwys na die lywige werk van 279 bladsye volgeprop met besonderhede en inligting wat beslis nie storieboekmateriaal is nie, was bedoel “om ons volk te leer onderskei tussen Liberalisme, Kommunisme (Bolsjewisme), Fasjisme, Nasionaal-Sosialisme en Calvinisme”. Hy spreek die hoop uit dat “ons volk”, as hy verstaan waaroor dit alles gaan, nóg die Liberalisme nóg die Nasionaal-Sosialisme, maar “die Calvinistiese erfenis van sy voorgeslagte” gaan kies.⁵⁴



Ten spyte van bogenoemde duidelike uitspraak, speel die boek tog 'n groot rol in sy internering. Sy "sonde" was waarskynlik sy historiese verklaring, sy begrip vir en "verstaan" van die Duitse Nasionaal-Sosialisme, waarmee hy ongetwyfeld ook as segsman vir baie Afrikaners van die tyd en ook kollegas aan die PUK opgetree het. Sy slotsom, naamlik "al kan ons in beginsel nie met die grondbeginsels van die Nasionaal-Sosialisme vereenselwig nie, die historiese agtergrond, wat die oplewing en bloei van die Nasionaal-Sosialisme moontlik gemaak het, mag ons nie onderskat nie", is heel moontlik buite konteks as goedpraat van die daade en optrede van Hitler en sy geesgenote geïnterpreteer. Vanuit 'n destydse Nederlandse perspektief is dit beskou as "subtiel, maar voor de massa minstens gevaarlijk" – al word erken dat Stoker sowel as LJ du Plessis 'n groot rol gespeel het om die OB ideologies te suiwer: "De Potchefstromers zochten de beweging in veilig vaarwater te brengen en tevens naar zich toe te leiden."⁵⁵

In Januarie 1942, midde-in die verbete stryd wat daar tussen die HNP en die OB en ander splintergroepe geheers het om die politieke siel van die Afrikaner, het Stoker die OB gewaarsku teen "die bevordering na Nasionaal-Sosialisme ('n woord met baie betekenisse), wat die volk as vreemd sou aanvoel en die O.B. voor 'n ander krisis sal plaas".⁵⁶

In Desember 1942, dieselfde maand toe hy geïnterneer is, verskyn daar uit Stoker se pen 'n lang, filosofiese beredenering oor "Calvinistiese Dinamiek" in die tydskrif *Koers*. Die Stoker-artikel word egter voorafgegaan deur 'n beleidsverklaring van die redaksie, waarin dit baie pertinent gestel word dat *Koers* nie met enige van die "mekaar bestrydende organisasies in ons volkslewe" vereenselwig word nie: "Al mag onder ons meningsverskille bestaan oor die toepassing van ons beginsels, insake ons grondbeginsels is ons een."⁵⁷

As *Koers*-redaksie het op hierdie stadium gedien proff JChr Coetzee, S du Toit, HG Schulze, HG Stoker en DJ van Rooy. Laasgenoemde twee was uitgesproke en aktiewe OB's, Du Toit en waarskynlik ook Coetzee was partymanne terwyl Schulze sy kaarte styf teen sy bors gedruk het. Hy het hom wel reeds in 1934 sterk uitgelaat teen Duitse Nasionaal-Sosialisme.⁵⁸

Na 'n uitgebreide akademiese beredenering oor aspekte van die Calvinisme, kom Stoker in sy reeds genoemde artikel na vore met die vraag wat gedoen staan te word insake "die volksnood" en beroep hy hom op Totius se koersaanduiding van "Wag! Moenie skeur nie!". Hierdie "wag" beteken nie passief te wees nie "want van elkeen van ons word verwag om in die aksiepunte wat hy aanvaar het sy beginsels te handhaaf, Calvinistiese leiding te gee en so veel as moontlik Calvinistiese invloed te laat geld."⁵⁹

Stoker laat hom ook nie onbetuig nie oor die stryd tussen die HNP en die OB: "M.i. bedoel die leiers van hierdie en ander volksorganisasies die beste vir ons volk al verskil hulle by vasstelling van wat die beste is en hoe dit bereik moet word ... die grondfout van die stryd lê m.i. by die H.N.P., wat hom nie deur die gees van sy beginsels laat lei het nie, maar sy liberalistiese (deur ons parlamentswese bepaalde) struktuur laat oorheers het, op grond waarvan dit in ander mederepublikeine konkurrente moet sien ... Hierteenoor het die O.B. gefouteer dat hy hom gedwonge gesien het om op die H.N.P.-aanvalle te reageer en mederepublikeine te bestry."

Deurdat die OB alle Christelik-Nasionale Republikeine verwelkom, bied die beweging in beginsel en praktyk die moontlikheid om as basis vir volkseenheid te dien. Hy moedig die OB aan om so soepel te bly en dat sy beleid al meer in die Calvinistiese rigting moet ontwikkel, tot 'n Afrikaanse Calvinisme "want alleen die Calvinisme bied die sintese van die gesonde momente van Liberalisme en Nasionaal-Sosialisme en alleen die Calvinisme is die historiese koers van ons volksverlede".⁶⁰

Toe hy pertinent gepols is oor sy siening, met die oog op die latere geskiedskrywing van die PUK, het prof HG Stoker in sy opgetekende herinneringe 'n interessante ontleding gemaak van wat hy bestempel het as "die houding van Potchefstroom" in hierdie twisperiode. Hy stel dit só:

"Dan sal ek vier manne noem wat groot vriende was en wat almal eensgesind was in ons politieke ideale. Die een man was die Rektor, Ferdie Postma. Hy het gesê: 'Ek gaan nie aan die stryd tussen OB en Party deelneem nie. Ek gaan die Party bedank. Ek gaan die O.B. bedank. Ek hou my uit die stryd, want die Universiteit mag nie in die stryd betrokke raak nie.' Dit is standpunt nommer een.

"Standpunt nommer twee was dié van prof Joon van Rooy, wat 'n vurige Nasionalis was. Hy het gesê: 'Ek het 'n plig in die Nasionale Party om ons Calvinistiese beginsels te laat posvat en daar te laat deurwerk. Ek gooi my hart en siel by dr Malan in'".

"Die derde was die standpunt van prof Dirk van Rooy. Hy was een van die generaals van die O.B. Hy sê: 'Ek gooi my hart en siel in die Ossewa-Brandwag om daar soveel moontlik Calvinistiese leiding te gee'. Hy het 'n geweldige invloed gehad.

"Die vierde man was Totius, dr J.D. du Toit. Hy het gesê: 'Die Nasionale Party-mense is my volk en die OB-mense is my volk. Almal is my volk. Ek weier om een van die twee te bedank'".



4.3.7

Ferdinand Postma, Joon van Rooy, Dirk van Rooy en JD du Toit (Totius). Vier PUK-standpunte oor die stryd tussen die HNP en die OB.

"Met ander woorde", sluit Stoker sy betoog af, "die keuse tussen Party en OB wat op ons afgestuur is, was vir ons Calvinistiese kyk op sake te eng ... Ons het alles gekies, maar die een het sy krag hier ingegooi, en die ander het sy krag dáár ingegooi."⁶¹

'n Verdere PUK-dosent met politieke profiel was prof Dirk van Rooy, wat van vroeg reeds aansluiting by die OB gevind het. In Augustus 1942, toe dit duidelik geword het dat die AEK en opvolgspogings om Afrikanereenheid te verkry nie sou slaag nie, bepleit hy dat daar tot volksorganisasie op Christelik-republikeinse grondslag teruggekeer moet word. Hiervan was die OB, "altans in sy eerste periode", 'n sprekende voorbeeld. Die destydse geesdrif is nie eens deur die regering se beperkende maatreëls gefnuik nie: "Nee, dit het die Afrikaner gekos om die Afrikaner se beweging af te breek."⁶²

Met "eerste periode" verwys Van Rooy natuurlik na die glansperiode van die OB, vanaf pas na die uitbreek van die oorlog tot vroeg in 1940, toe omtrent alle Nasionaalgesinde Afrikaners hulle by hierdie beweging geskaar het. Volgens dr Malan self, wat toe nog vriendelik met die OB was en gesê het "dat daar geen organisasie is wat in so korte tyd so beslag gelê het op die hart van die volk nie", en het die OB ledetal vroeg in 1941 tussen 300 000 en 400 000 beloop.⁶³

Vir Van Rooy was "volksorganisasie" die wagwoord: " 'n Volksorganisasie wat die volk omvat en sy vyande buitensluit; 'n volksorganisasie wat weier om met enige deel van die volk of deel-organisasie van die volk in botsing te kom ... So 'n volksorganisasie sal die regte volksleiers te voorskyn bring en in staat stel om werklik leiding te gee omdat dan eindelik en ten laaste die regte volksatmosfeer daarvoor geskep is. Hulle is miskien tog maar ons huidige party-leiers en O.B.-leiers, maar dan bevry van die geestelike omhulsels wat die papie belet om vlinder te word."

Sy gevolgtrekking is dat die OB so 'n volksorganisasie is; sy lede sien dit nog in hom en verwag dit van hom. Vergeet, sê hy, om eenheid te vind langs die weg van 'n eenheidskomitee: die eenheid setel in die volk.⁶⁴

4.3.5 "Dareem nie almal OB's nie ..."

LJ du Plessis en sy akademiese geesgenote wat hul voortgesette heil in die OB-dampkring gesoek het, verteenwoordig nie die hele Potchefstroom of PUK nie, en het ook nie namens al die Calviniste op die Bult gepraat of geskryf nie. Veral proff S du Toit (Totius-seun) en CJH de Wet, wat in die vorige dekade so aktief besig was met die bevordering van die republikeinse strewe, het baie krities gestaan jeens die OB.⁶⁵

Du Toit se kritiek teen die OB was veral gemik teen die organisasie se verwerping van die demokrasie en hy het die sterk demokratiese inslag van die Calvinistiese kerkregeringstelsel asook die tradisionele regeringsvorm van die Afrikaner verdedig. Hy waarsku ook teen verafgoding van die gemeenskap of die nasie in die nuwe orde wat op hande is en is hoogstens bereid om met die **liberale** demokrasie (en nie die demokrasie per se nie) weg te doen. Die populêre volksbewegingsgedagte hou die gevaar in dat alles verpolitiseer sal word. Nie Nasionaal-Sosialisme nie, maar slegs vertroue op God sal, na sy mening, die Afrikaner red "van die Kommunisme en die swart gevaar".⁶⁶

Ook prof CJH de Wet, in 'n ongepubliseerde geskrif getiteld "Vreemde gedagtes", het krities gestaan jeens die OB se oorbeklemtoning van die gemeenskap ten koste van die enkeling, as synde in stryd met die Bybel.⁶⁷

In die Augustus 1944 uitgawe van *Koers* het Du Plessis die twis en verdeeldheid tussen die OB en die HNP taamlik uitvoerig behandel,⁶⁸ waarop Strijdom hom, in



4.3.8

*Prof S (Fanus) du Toit ...
pleit vir 'n bietjie gee en
bietjie neem.*

'n brief aan die *Koers*-redaksie, aangevat het oor sekere uitsprake. Hierop volg verdere briefwisseling tussen Strijdom en prof S du Toit, namens *Koers*, en met Du Plessis self.⁶⁹

Die biograaf van Strijdom, JL Basson, het die volgende interpretasie aan hierdie briefwisseling gegee: "Uit hierdie briefwisseling kon Strijdom minstens met genoeë kennis neem dat Du Toit 'n getroue ondersteuner van die HNP was, en [a] dat baie ander Potchefstroomse akademici dieselfde standpunt as hy oor politieke sake ingeneem het. Hy het ook kennis geneem [b] dat die gevoel teenoor Du Plessis en sy aanhangers in Potchefstroom dikwels hoog geloop het."⁷⁰

Hierdie data het 'n vermoede gewek dat die betrokke bronne dalk meer inligting oor die Potchefstroomse akademici bevat as wat Basson vir sy studie nodig geag het, en dat Du Toit moontlik ook ander persone se name teenoor Strijdom sou genoem het.

Die Strijdom-versameling is wel geraadpleeg, maar geen ander name is deur Du Toit genoem nie. En dit blyk dat nóg stelling [a] nóg stelling [b] van Basson korrek is. Daar is nêrens iets wat 'n afleiding soos in [a] kan regverdig nie – intendeel, Du Toit skryf aan Strijdom dat hy (Du Toit) daar (in Potchefstroom) soms maar 'n eensame stryd moes voer – terwyl Basson, wat [b] betref, die sinsnede "Hy is dan ook in die warm water by baie van sy kollegas" skynbaar van toepassing maak op LJ se kollegas by die universiteit, terwyl Du Toit uitdruklik en sonder kans vir misverstand verwys na Du Plessis se kollegas in die Ossewa-Brandwag.

In sy brief aan Strijdom onthul Du Toit dat hyself as redakteur van *Koers* al geruime tyd beswaard voel oor die rubriek van Du Plessis en dat deur sy toedoen soms veranderinge aangebring moes word. Hy het ook duidelik laat verstaan dat hy nie langer sal kan saamwerk "as hierdie rubriek net bedoel is om die O.B. te verdedig en die party aan te val nie". Die jongste bydrae is egter 'n verrassing: "Ek kan u verseker dat dit moed gevra het. Hy is dan ook in die warm water by baie van sy kollegas en ek weet dat dr Van R. alles behalwe aangenaam oor die saak voel. Daarom het ek nie juis hierdie keer beswaar gemaak nie. As die

rubriek maar objektief bly, het ek nie beswaar as hy die vinger op wondplekke lê nie, al is dit ook by my party of my kerk selfs ... Ons moet kritiek kan verdra en probeer hervorm." En sy slotwoord, oor Du Plessis, is om te vra dat maar sagkens met hom gehandel word: "Ek weet dat hy nog altyd 'n sagte plekkie het vir die party en gladnie 'n honderd persent O.B. man is nie."

Du Toit self vind dit bitter jammer dat, soos dit vir hom voorkom, die party altyd meer mense teen hom in die harnas jaag en dat die jongste verbod op OB-lidmaatskap groot bitterheid teweeggebring het. Hy pleit vir samewerking, vir 'n bietjie gee en 'n bietjie neem, sonder verloëning van beginsels.⁷¹

Strijdom het in reaksie die verbod op OB-lidmaatskap verdedig en verduidelik en volgehou dat samewerking met behoud van beginsels onmoontlik was. Die opmerking oor Du Plessis was van groot belang "met die oog op die moontlikheid dat hy van sy ingeslaë weg terug mag keer, om dan miskien weer, soos in die verlede, aan opbouende werk op die politieke terrein deel te neem, in plaas van sy steun te gee aan 'n verbrokkelende beweging soos wat die O.B. geword het".⁷²

4.3.6 LJ du Plessis: frustrasies en 'n laaste swaaihou ...

Die Strijdom-biograaf verwys na prof LJ du Plessis as "een van die begaafdste akademici aan die Universiteit van Potchefstroom" wat as beleidshoof van die OB en op versoek van die Grootraad gestalte moes gee aan die lewens- en wêreldbeskouing van die OB.

In sy *Koers*-rubriek van Augustus 1944 het prof du Plessis hom weer beywer vir 'n nuwe begin, vir eenheid, maar sonder enige sukses.⁷³ Hierdie poging van hom het saamgeval met die intensifisering van die HNP se stryd teen die OB ná die brutale ontvoering en aanranding, deur 'n groep gemaskerde manne, van HNP-Volksraadslid FE Mentz. Die blaam hiervoor is, selfs deur Du Plessis, voor die deur van die OB en dr Van Rensburg gelê. Tydens die party se kongres pas hierna, in September, is besluit dat OB-lidmaatskap onversoenbaar was met dié van die party. Vir Du Plessis, wat op wonderbaarlike wyse tot op datum op beide die HNP- as die OB-stoel kon bly sit, was dit egter te veel. Kort hierna, tydens 'n vergadering van dr Malan op Potchefstroom, het Du Plessis op dramatiese wyse sy baie lang verbintenis met die party verbreek deur simbolies sy hande te was en uit die saal te stap.⁷⁴

Gedurende Oktober/November 1944 figureer dié politieke energieke PUK-professor sterk en wel in 'n verdere openbare twisgesprek, in *Die Vaderland*, met



die groot kampvegter van die demokratiese grondslag van die HNP, JG Strijdom. Dit was 'n woordestryd oor terme en definisies, veral rondom die term "Nasionaal-Sosialisme", asook oor verskeie beweerde standpuntveranderinge wat Du Plessis oor die jare heen sou ondergaan het. Strijdom het Du Plessis veral gestriem oor losse verwysings na "nasionaal-sosialisme" en "nasionale sosialisme".⁷⁵

In hierdie polemieke het Du Plessis gekla oor die etiket van Nasionaal-Sosialisme wat Strijdom so verbete om sy nek bly hang het terwyl hy van mening was dat Strijdom sowel as Malan nie die onderskeid ken tussen politiek of volkspolitiek en partypolitiek nie. Hy het volgehou dat hy gekant was teen die Duitse vertolking van Nasionaal-Sosialisme, terwyl hy voorstander was van 'n nuwe orde met 'n sosiale gees en 'n nasionale stempel.

Die Strijdom-biograaf is egter hard in sy oordeel oor Du Plessis, en in die proses dus ook oor laasgenoemde se "biograaf", PJS Potgieter, wat in sy beknopte studie oor Du Plessis⁷⁶ sy "baie idealistiese verbintenisse tussen die Calvinisme en die Nasionaal-Sosialisme" verdedig: "Daar is dus geen regverdiging om Du Plessis se bewondering van 'n nasionale sosialisme anders te vertolk as nasionaal-sosialisme nie ... Du Plessis het nooit gepoog om die verskil tussen Afrikaanse nasionale sosialisme en Duitse nasionaal-sosialisme aan te toon nie, behalwe dat hy sy idees in 'n kleed van Calvinisme probeer tooi het."⁷⁷

Selfs Potgieter gee toe dat Du Plessis soms gevaarlik naby die Duitse stelsel beweeg het en dat sy aanleuning teen hierdie gediskrediteerde ideologie groot vraagtekens plaas oor tradisionele uitgangspunte. Hy was egter 'n kind van sy tyd, 'n krisistyd vir die Afrikaner, wat krisis-antwoorde na vore gebring het.⁷⁸

As uitvloeisel van die openhartige openbare persdebat met Du Plessis het Strijdom geleentheid gekry om die standpunt van die H.N.P. ten opsigte van die politieke verdeeldheid in Afrikanergeleedere aan *Koers*-lesers uit te spel. In kort het dit hierop neergekom: Die gesondste grondslag vir eenheid is Christelik-nasionaal en demokraties-republikeins – en sodanige eenheid is alleen bereikbaar binne die voë van die HNP.⁷⁹

Namate die oorlogsgety in Europa teen Duitsland gedraai en die OB getaan het, het Du Plessis, in die besef van die futiliteit van voortgesette verdeeldheid in Afrikanergeleedere, hom opnuut vir samewerking begin beywer. Hy het gevolglik vir dr van Rensburg oorreed om, vroeg in 1945, 'n voorstel vir 'n gesamentlike parlementêre front aan dr Malan voor te lê. Vanuit 'n posisie van groeiende krag en met die verwyf van Du Plessis se vroeëre pleidooi vir 'n Christelik-nasionale

republikeinse **gesagstaat**, is hierdie inisiatief weer deur dr Malan gesmoor.⁸⁰

Laat in 1945 was Du Plessis weer aktief besig om, namens die OB, eenheid te bewerkstellig⁸¹ en in September verwittig hy Strijdom dat mnr NC Havenga, leier van die Afrikanerparty, slegs oor eenheid met die HNP sal onderhandel as al die groepe inbegrepe is.⁸² Vir Strijdom het dit nou nie meer om samewerking gegaan nie, maar dat die ander groepe hul gewig by die Nasionale Party sou ingooi.⁸³

Du Plessis moes ongetwyfeld teen hierdie tyd gefrustreerd gewees het. Sy staking van die rubriek in *Koers* in Februarie 1945, omrede "die verdere woorde wat nodig sal wees, waarskynlik vir die kolomme van *Koers* te drasties sal wees",⁸⁴ dui op 'n moontlike spanningsituasie wat waarskynlik bydraend was tot Du Plessis se besluit om aan die einde van 1946 sy betrekking aan die PUK neer te lê.

Maar hy het nog 'n laaste, byna wanhopige swaaihou na die HNP gemik. Met verwysing na sy aanvanklike ideaal van 'n volksregering waarin al die politieke volkskragte saamgevat sou wees, "het ek intussen tot die besef gekom dat die enigste party wat dit sou kon gedoen het, vir homself die weg daartoe afgesluit het deur sy beslissing om homself geheel en al uit te suiwer van alle afwykende groepe en op eie pote sonder enige samewerking 'n bewindsverandering binne die parlementêre stelsel na te streef".⁸⁵ In Augustus 1947, nadat hy reeds vir meer as 'n jaar van die PUK weg was, het Du Plessis sy houding en optrede in OB-verband só gemotiveer: "Die O.B. self is 'n mengsel van Calvinisme en Nasionaal-Sosialisme en nog meer, en ek beskou dit as my roeping om die eerste element te versterk en die tweede te neutraliseer, sover moontlik en so taktvol moontlik."⁸⁶

4.3.7 Afplatting

Ten spyte van al die onenigheid in Afrikanergeleedere tydens die oorlogsjare kon daar teen 1948 tog 'n eenheidsfront getoon word deurdat die HNP en die Afrikanerparty 'n verkiesingsooreenkoms gesluit het. Die OB het deur die spreekwoordelike agterdeur ook die vertrek binnegekom deur hulle in te skakel by die Afrikanerparty. En so behaal die Afrikanergeoriënteerde groepe 'n opspraakwekkende en historiese oorwinning in die algemene verkiesing in Mei 1948 en word dr DF Malan die nuwe eerste minister. Die strydbyle van die vroeë twintigerjare, oor die gewetenskousule, is lankal reeds begrawe, terwyl die meer onlangse broedertwis in Afrikanergeleedere en die etlike konfrontasies tussen die nuwe premier en vooraanstaande PUK-leiers ook nou, met die verwesenliking van die aller-ideaal van Afrikaner-selfregering, aan die verlede toevertrou is.



Geskiedenisprofessor DW Krüger sien hierdie oorwinning as “vir vriend en vyand ‘n groot verrassing, inderdaad sensasioneel” en ‘n keerpunt in die geskiedenis. Daar is nou ‘n beter kans om eenheid in eie geledere te kry en ‘n beter basis vir samewerking tussen Engels- en Afrikaanssprekendes: “Die tyd van politieke oorheersing gegrond op taal en kultuur is hopelik vir altyd verby. Ons bede is dat die nuwe regering ‘nasionaal’ sal wees in die breë sin van die woord en die ideaal op die Unie-wapenskild, ‘ex unitate vires’, sal nastreef.”⁸⁷

Dit is asof daar na 1948 ‘n afplatting in politieke bedrywighede van PUK-dosente te bespeur is. Prof S du Toit kon nie help om die aandag te vestig op die reeds genoemde boek van Roberts en Trollip, *The South African Opposition, 1939-1945*, waarin bevind word dat kollega LJ du Plessis en ander Potchefstroomse Calviniste nie met dr Van Rensburg se nasionaal-sosialistiese idees in botsing gekom het nie omdat hulle persoonlik baie van daardie idees aangehang het. Later is hy (Du Toit) meer versoenend en verwelkom hy die goeie Afrikaners vanuit die OB, veral omdat dié beweging “homself vierkantig op republikeinse standpunt stel”.⁸⁸

Die altyd gematigde DJ van Rooy was weer half apologeties, en het die OB-strewe gekoppel aan die volksgedagte en “die eenheidsgedagte van die Eeufeesjaar toe daar nog geen sprake was van totalitarisme, van diktatorskap en van Nasionaalsosialisme nie”. Op sy beurt het HG Stoker later gemeld dat daar onder Potchefstroomse Calviniste nie vyandigheid was nie “omdat ons ook in ons meningsverskille ons bewus was van ‘n dieperliggende eenheid van gees en beginsel wat ons saambind.” Maar hy hou vol, teen 1953, “dat die huidige partypolitiek nie aan ons Calvinistiese beginsels beantwoord nie”.⁸⁹

Die uitgerafelde OB het teen die einde van 1949 ook nog die probleem van “tam en onwillige leierskap” ervaar en toe dr van Rensburg oorreed is om ‘n jaar langverlof te neem, het professor Dirk van Rooy van die PUK gedurende 1950 as leier (kommandant-generaal) ageer. Kort hierna het daar ‘n breekspul ontstaan, het Van Rensburg die organisasie verlaat en het die oorblywende OB’s geleidelik by die Afrikanerparty en die Nasionale Party, wat boonop in 1951 kragte saamgesnoer het, aangesluit.⁹⁰

Na sy ontbinding in 1952 het die OB-Grootraad, met prof Dirk van Rooy in die voorsitterstoel, sy argief en ander bates aan die PUK bemaak, by uitstek dié universiteit waarby die beweging, soms in meerdere en soms in mindere mate, aanklank gevind het. Daardie affiniteit van PUK dosente en studente vir die OB kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die feit dat die OB, veral in sy aanvangsjare, as draer van Afrikanernasionalisme



4.3.9

Dr DF Malan, afgeneem pas na die opspraakwekkende oorwinning van die Nasionale Party in die 1948-verkieping.

en vertolker van die republikeinse strewe gesien is.

Gewone OB-lede het nie juis kennis gedra of hulle gesteur aan wat De Klerk uitwys as dubbelsinnigheid, teenstrydighede en spanning in OB-ideologie⁹¹ nie. In sy prikkelend beredeneerde opinie dui De Klerk ook aan dat die invloed van Du Plessis, Stoker en ander Calvinistiese denkers op die OB-ideologie inderdaad maar baie beperk was.⁹²

Dat sommige van die PUK-dosente, al is dit in beperkte mate, met die Duitse Nasionaal-Sosialisme geflankeer het, kan volgens JH Coetzee in sy latere herinneringe nie ontken word nie. Hy skryf dit toe aan die Afrikaner se tradisionele anti-Britsheid en aan die ooglopende Duitse sukses met die opbou van ‘n volk wat vertrap en verdeeld was. Maar in dieselfde asem voeg hy toe dat die meeste mense wat daarvoor gepraat het, nie geweet het waaroor dit gaan nie. DW Krüger se motief vir aansluiting by die OB gee nog ‘n ander perspektief, naamlik dat dit was uit protes teen die behandeling wat genl Hertzog destyds van die Nasionale Party ontvang het.⁹³

Weer terug na De Klerk, vir ‘n finale woord oor die betekenis van die OB vir die PUK: “Die aktiewe deelname van verskeie Potchefstroomse akademici aan die OB en aan die vorming van sy ideologie het die lewensbeskouwlike rigting wat hierdie universiteit



4.3.10

Prof Dirk van Rooy as voorsitter van die Grootraad. (Die Vaderland-knipsel, sd)

verteenwoordig het, nie ten goede gekom nie. In geen ander politieke beweging in Suid-Afrika het die Calvinistiese denkers soveel geleentheid gehad om hul invloed te laat geld nie. Veral omdat die OB, anders as ander bewegings, 'n omvattende ideologie gehad het, was daar heelwat ruimte om Calvinistiese beskouinge daarin op te neem en daardeur ook verder te versprei. Van 'n spesifieke Calvinistiese stempel was daar egter

min sprake. Hoewel Calvinistiese denkers gehelp het om ekstreem Fascistiese beskouings teen te gaan en hulle 'n matigende rol gespeel het, het hulle hul te veel laat meesleur deur die heersende tydsgees en die Calvinistiese denke te sterk omgebuig om daarby aan te pas eerder as om 'n sterk kritiese invloed te laat geld." ⁹⁴